Graad 11

Visuele Kuns

Praktiese Assesseringstaak.

Kwartaal 2

TEMA: 'n Flietende Oomblik



Jou opdrag hierdie kwartaal is om 'n flietende oomblik uit te beeld, om 'n oomblik in tyd vas te vang. Jy kan kyk na die volgende:

- Die Impressioniste wat 'n spontane toneel uit die daaglikse lewe uitgebeeld het.
- Kiekie (snapshot) oomblikke
- Mense en voorwerpe wat uit die raam beweeg m.a.w die raam knip die toneel kort.
- Assimetriese/onkonvensionele komposisies.

MEDIUM: Eie keuse

FORMAAT: A2

ONDERWERP 1 [50 punte]

Bronboek

Jy moet met jou BRONBOEK begin om jou idee te ontwikkel. Die bronboek bied insig van hoe jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet al die denkprosesse wat tot die skep van die kunswerk gelei het, duidelik oordra.

Jy moet visueel die 'storie' vertel van hoe jy jou kunswerk uitgedink, ontwikkel en geskep is deur tekenwerk, eksperimentering en skryfwerk. Dit moet jou individualiteit en kreatiwiteit as 'n Visuele Kunste-kandidaat weerspieël.

- **30% van jou taak (onderwerp 1) moet uit tekeninge bestaan.**

Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ens. word nie toegelaat nie. Direkte kopiëring van ‘n visuele beeld wat nie jou eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is ‘n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.

Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.
As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik dan moet jy dit kombineer met ander fotos om JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL.

Volg die onderstaande stappe in jou bronboek en let op na die datums wanneer die verskeie stappe voltooi moet wees:

- ☑ Tik die blokkie af wanneer jy dit voltooi het sodat jy weet jy het nie iets uitgelaat nie.

INHANDIGINGSDATUM: 10 APRIL 2020

☐ VOORBLAD

Begin die projek deur ‘n voorblad te maak met die naam van die tema. Enige Medium kan gebruik word. Hier kan jy prente plak, verf, teken,ens. Wees kreatief.
A2 formaat.

☐ BREINKAART

Maak ‘n breinkaart om idees te ontwikkel. SKRYF DIE ‘STROOM VAN JOU BEWUSSYN’ NEER M.A.W BEGIN OOR DIE TEMA SKRYF SONDER OM BEWUSTELIK DAAROOR TE DINK. Lees dit deur en vind ‘n oorspronklike oplossing.
Sketse en foto’s kan ook deel wees van jou breinkaart.







☐ INSPIRASIE VAN KUNSTENAAR/S

Navorsing van ‘n wye verskeidenheid kunstenaars en voorbeelde wat jou praktiese werk versterk. Onderwerpe, tegnieke, ens. wat jou inspireer van ander kunstenaars. Ten minste een A2 bladsy. Plak voorbeelde van hul kunswerke in jou bronboek saam met ‘n kort beskrywing (beskrywing mag nie geprint wees nie, maar met jou hand geskryf.) A3/A2 bladsy.

- SCAMPS

  Vier of meer A4 of A3 grootte voorbereidingstudies (scamps) met verskillende interpretasies van die tema. Begin deur om 4 tekeninge te maak om verskillende maniere te ondersoek waarop jy jou idees kan uitdruk. Gebruik jou eie beelde en simbole, onthou om van fotos af te werk en nie ander kunstenaars se kunswerke nie! Jou tekeninge mag nie lyn sketse wees nie maar moet toonwaardes, detail, ens. beskik.

NB Stuur fotos van jou 4 idees vir my op whatsapp!

INHANDIGINGSDATUM: 20 APRIL 2020

- EKSPERIMENTERING

  Ondersoek verskillende materiale en tegnieke wat jy kan gebruik. Eksperimenteer met media en prosesse, toetsvoorbeelde en kleurkaarte. Anatomie sketse kan ook ingesluit word. Dit is baie belangrik om byskrifte en verduidelikings in te sluit.
  Speel met idees en eksperimenteer! Die klem word grootliks geplaas op die ontwikkeling van jou idees en jou proses. Dit moet nie perfek wees nie, dit moet kreatief wees! Ten minste 2 A2 bladsye.





- INSPIRASIE

  Beelde, artikels, uittreksels, foto's, voorwerpe (stukke papier, verpakking, kaartjies, ens.) wat jy interessant, stimulerend of van persoonlike belang gevind het of wat bruikbaar kan wees vir die spesifieke projek.
  Krabbels/doodles, sketse, *woorde, geskrifte verwant aan jou ondervinding en die konteks. *Gebruik woordeboeke, 'n Thesourus neem 'n mens op 'n reis van sinonieme wat nuwe moontlike inspirasie skep. Een tot twee A2 bladsye.

- KOMPOSISIE SKETSE

  Oorweeg die komposisie van jou kunswerk, doen navorsing oor verskillende moontlikhede wat jy kan gebruik. Dink na oor hoe jy die kunselemente rangskik in jou kunswerk. Maak 'n paar tekeninge waar jy eksperimenteer met verskillende komposisies om 'n meer opwindende produk te lewer. Dink aan gepaste posisies of aksies. 'n Persoon wat in

vooraansig uitgebeeld skep nie altyd ‘n interessante komposisie nie. Maak ‘n paar sketse op A2 bladsy





INHANDIGINGSDATUM: 28 APRIL 2020

- FINALE KOMPOSISIE TEKENING

  Nadat jy jou komposisie sketse vir my gewhatsapp het en ek vir jou terugvoering gegee het, kan jy voortgaan om ‘n finale komposisie tekening met potlood te maak. Gee aandag aan die weergee van teksture. Onthou dat ‘n potloodtekening tone moet insluit tussen die wit papier en die donkerste merk wat jy kan maak met ‘n sagte potlood soos ‘n B6. Een A3 bladsy.

INHANDIGINGSDATUM: 4 MEI 2020

- INTENSIE/BEDOELING/RASIONAAL

  Geskrewe gedeelte oor hoe jy die tema interpreteer en hoe jy beplan om dit visueel uit te beeld. Sketse kan deel wees van jou rasionaal om die ontwikkeling van jou proses aan te dui. A3/A2 bladsy.

- REFERENCE/BRONMATERIAAL

  Plak jou bronmateriaal/reference in waarvan af jy gewerk het.



ONDERWERP 2

Finaal

INHANDIGINGSDATUM: 15 MEI 2020

- FINAAL
  Voltooi die finale kunswerk waar jy 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid toon. A2 Formaat.

- VERSLAG/BESINNING OOR TAAK (A3 BLADSY)
  Nadat jy hierdie taak voltooi het, moet jy skriftelik oor hierdie hele proses reflekteer.
  Jy kan die volgende as hulpmiddel gebruik:
  - Vertel/verduidelik jou proses?
  - Watter materiale en tegnieke het jy gebruik?
  - Het jy nodig gehad om ekstra navorsing te doen om jou kunswerk te voltooi? Het jy enige iets nuuts geleer?
  - Watter uitdagings het jy oorkom of moet jy nog oorkom?
  - Is jy tevrede met jou finale werk? Hoekom of hoekom nie?

ONDERWERP 1: [50]

ONDERWERP 2: [50]

TOTAAL: 100